# Op soek na Monstervisse!

deur Kobus Hermitage

Dit is opvallend hoeveel hengelprogramme van monstervisse wat regoor die wêreld gevang word die afgelope paar jaar op ons kassie gewys is. Ek en my seun Brandon (14) sit gereeld vasgenael en groen van jaloesie dié programme en kyk en droom gereeld dat ons ook hierdie avonture kon meemaak.

Sonder dat ons werklik agtergekom het, het karakters soos Jeremy Wade, Zeb Hogan, Jacob Wagner en Robson Green ons begin voorstel aan monstervisse wêreldwyd. Meer as gewoonlik het hulle, as hulle nie elders in die natuur sukses gehad het nie, hulle program afgesluit op een plek in Thailand, naamlik Gillhams Fishing Resort. Dit was ons droom om soontoe te gaan. Maande later, ná 'n yslike gesukkel, het ek met die eienaar Stuart Gillham begin gesels. Hy het ons uitgenooi en ons kon nie wag nie!

Einde Julie vanjaar was ons daar. Brandon se grootste vis op daardie stadium was 'n baber van 10 kg en myne 'n marlyn van 120 kg . Hier sou ons van die oewer in die vars water hengel en het nooit besef my marlyn sou klein wees nie; ook nie dat Brandon sy persoonlike beste sou aanpas tot 127 kg nie – dit in vars water! Ek het nooit kon dink ek sou vasmaak met visse in die vars water wat my só poegaai sou maak dat ek die visstok wou aangee nie. Die wêreld het so klein geword met die tegnologie dat enigiets moontlik is. Ons het vooraf die puik webtuiste ***www.Gillhamsfishingresorts.com*** behoorlik bestudeer. Ons was op hoogte van al 48 vissoorte wat daar gevang kan word. Visse soos Nylbaars ("Nile perch"), reusetiervis ("goliath tiger") en tarpons was net 'n druppel in die emmer! Hierdie is die enigste plek ter wêreld waar 'n mens visse uit die Amasone en elders kan vang – "arapaimas, arawanas, Amazon redtail catfish, wallago, pacu" en vele meer! Om van die karpe bo 50 kg en Mekong-reusebaber van tot 100 kg nie eens te praat nie!

## Meer oor Gillhams Fishing Resort

Stuart Gillham is van Engeland. Hy was vir baie jare gevestig in Puket in die suide van Thailand waar hy 'n paar groot bote en 'n vakansieoord bedryf het. Met die verwoestende tsunami in 2004 het hy feitlik als verloor en het 'n plek op die hoofland gesoek om sy eie droom daar te vestig. Hy het gedroom van 'n plek waar hy al die eksotiese skaars visse vanoor die wêreld in een plek kon vestig. Hy is 'n fanatiese hengelaar. In die Krabi-provinsie, 20 km vanaf die kus (Au Nang), het hy uiteindelik hierdie fantastiese plek gevind – 'n groot moeras omring deur natuurlike woud en kalksteenberge met 'n natuurlike rivier wat deur die gebied loop. In 2008 het hy, in oorleg met die beste viskundiges wêreldwyd, met die konstruksie daarvan begin.

Dit was belangrik dat hy vir al die vissoorte 'n natuurlike habitat skep en ook dat die visse op hul eie sou floreer. Met die aanloop na 2010 was die 10 ha-dam voltooi, kompleet met sluise, ens. Onder Thailand se inheemse visse is daar monstervisse soos die Mekong-reusebaber, Siamese karp, Asiese rooistertbabers ("Asian redtail catfish") en reusevarswaterpylsterte, om maar 'n paar te noem. Die visse is gou gevestig en die natuurlike teling sou sorg dat daar kos is vir die roofvisse van elders wat later gevolg het. Hy het van die mees bedreigde visse ter wêreld ook daar gevestig.

## Terug by ons avontuur

Ek en Brandon het ná 'n uitputtende vlug van 15 uur in die donker by Gillhams Resort aangeland. Ons het gevlieg via Addis Ababa (Ethiopië) na Bangkok en daarna na Krabi. Ons verblyf was langs die dam (30 m) in 'n puik chalet wat oor die dam uitkyk. Ons het soos klippe geslaap en die volgende oggend het dit gevoel asof ons in die "hemel" wakker word. Dit was sprokiesmooi en daar was redelik aksie in die water. Die gidse het hulle kom voorstel en die hengel is aan ons verduidelik; alles presies soos ons spesiekarphengelaars hulle ding doen. Alle hengelgerei en aas is voorsien. Die aas het bestaan uit sagte mieliepitte, sardien, boilies, hoenderhartjies met hoendergroeimeel as grondvoer of pellets in PVA-sakkies as grondvoer met 'n swaar gewig en haarstrop, waarvan die weerhakie op die hoeke verwyder is.

Wat die gerei betref, 10 vt-stokke met stewige Shimano-koffiemeulkatrolle en 15 kg-breekkrag lyn, alles van Engeland af. Gou



My trots van die uitstappie! 'n "Arapaima" van 146 kg uit die Amasone.



Die kunsaasdam op die voorgrond met die groot dam ver onder




Lee Mclean (gids) met my Siamese karp van 41 kg

was ons aan die gang en Brandon het 'n paar Asiese rooistert-babers gevang. Ek het dieselfde gevang, gevolg deur 'n "spotted featherback", 'n vis wat net so vinnig agteruit as vorentoe kan swem. Brandon was 'n ruk later vas met 'n dik vis en dié het hom gas gegee. So 15 minute later moes ek my mond letterlik met my hande toemaak – 'n Siamese karp van 32 kg! Ons kon dit nie glo nie. Deur die dag het ons elk nog sowat vier groot karpe gevang, waarvan die kleinste 18 kg was. Hengeltye daar is van 07:00 soggens tot 20:00 saans. Dit was ook baie warm – 34 °C met 80% humiditeit – en ná elke vis het ek of Brandon eers in die swembad gaan afkoel. Die hitte het ons geroer en ons het elk seker 5 liter water per dag gedrink.

Die karpe het ons so uitgeput dat ons nie nog van hulle wou vang nie. Min het ons besef die ergste kom nog . . . soos byvoorbeeld die tweede dag. Ons het elke dag op 'n ander plek om die dam gaan hengel. Gillhams het 'n puik restaurant en terwyl jy hengel, ry die gidse met fietse op en af langs die dam en bedien jou met jou keuse vanaf hulle spyskaart. Ons het hengelaars van Amerika, Duitsland, Noorweë en Engeland daar raakgeloop en almal het monstervisse gevang. Dit het ek en Brandon met viskoors van 'n hoë graad gelos! Met 'n heel sardien as aas het Brandon gou 'n reusevarswaterpylstert aan die hoek gehad. Die vis het hom sat gemaak en sowat 'n uur later was die pylstert teen die kant. Ons het die groot vlerk gesien en die volgende oomblik slaan die stert die lyn af. Brandon was poegaai. Sowat 'n uur later het Brandon weer 'n monster gehad. Ek het 'n paar karpe geland waarvan die grootste 34 kg op die skaal gewys het.

Hierdie vis van Brandon het lyn gestroop soos ek nog nie voor-





Brandon se grootste vis ooit in sy lewe! 'n "Arapaima" van 127 kg.



Tipiese ase en gerei met 'n PVA-sakkie wat ons vir spesiehengel gebruik het



Brandon se grootste karp van 43 kg



Joel Fennel met 'n Siamese karp van 50 kg

heen gesien het nie. Brandon het die vis gebring en weer lyn verloor; so het dit vir byna 'n uur aangehou. Die gidse het dit as 'n Mekong-reusebaber geïdentifiseer. Later was die vis teen die kant. Ons het daardie massiewe stert gesien en . . . toe breek die stok. Dit was hartverskeurend; Brandon het trane in sy ogies gehad en moedeloos na my gekyk en weggeloop. Ek was ook emosioneel. Die gidse het die stokke uitgesorteer en Brandon was nêrens te sien nie. Ek het hom in die swembad gekry met groot trane oor sy wange. "Pappa, ek kan nie so hengel nie," het hy moedeloos gesê. Ek het hom aangemoedig en later die middag was hy weer vas met 'n monster, weer vir sowat 'n uur. Hierdie vis het hom regoor die dam en weer terug gevat. Die gidse het vermoed dit is weer 'n Mekong-reusebaber of selfs 'n "chow praia", ook familie van die Mekong, net baie sterker. Teen die kant het die gidse die vis in die "hok" gelei en dié een het nie weg gekom nie. Wat 'n fantastiese vis – 'n Mekong van 171 pond (77 kg)! Ons het begin aanpas by die klimaat en die moesonreëns het begin val wat ons ook lekker afgekoel het. Dit het ons egter nie gekeer nie.

Die res van die week was daar puik hoogtepunte. Ek en Brandon wou graag elk 'n Mekong-reusebaber, 'n "arapaima", 'n "Amazon redtail catfish" en 'n groot Siamese karp vang, wat ons toe ook reggekry het. Brandon se Mekong was 77 kg, sy grootste "arapaima" was 280 pond (127 kg), sy grootste "Amazon redtail catfish" 30 kg en sy grootste karp 43 kg.

My grootste Mekong was 59 kg, my "arapaima" 320 pond (145 kg), my grootste "Amazon redtail catfish" 22 kg en my grootste karp 41 kg. Ons was op spesiehengel ingestel en het 19 vissoorte daar gevang. Ons gesamentlike vangste het so daar uitgesien:

Siamese karp – heelwat; "bighead carp" (11kg) – Brandon; A-siese rooistertbabers – albei; "Amazon redtail catfish" – heelwat, albei; "arapaima" – 3 elk gevang; Mekong – albei; "wallago" – Brandon (9 kg), aggressiewer as 'n piranha (13 rye tande in bokaak, 11 rye tande in onderkaak); Hovenskarp – ek (derde skaarsste vis ter wêreld); "migrial" – Brandon (1,2 kg weg van volgende wêreldrekord); "spotted featherback" – albei; "gurami's" tot 3 g wat jy in jou vistenk hou; niloticus; groot sarobin-babers (Argentynse baber) – albei; "pacu" – ek (Amasone, eet neute); "Chinese seerfish" – ek (skaarsste vis ter wêreld!); perdevis ("horsefish") – ek; "arawana" – Brandon (Amasone, spring tot 3 m uit water om insekte in bome te vang); "Julian's prize carp" – my trots (lyk soos 'n tiervis met die kop van 'n karp en bloedrooi oë); reuse-varswaterpylstert – ek (59 kg). Ons het vir die week 79 visse gevang met 'n totale massa van 3 961 pond – dis ge-middeld 50,98 pond (23,17 kg) per vis! Wat 'n ongelooflike hengelavontuur! Hengel sal NOOIT weer vir my en my seun dieselfde wees nie. Deesdae spog Brandon dat sy "arapaima", Siamese karp *en* Mekong groter is as wat Jeremy Wade van River Monsters tot nog gevang het . . . én hy is reg!

Thailand is 'n sogenaamde Derde Wêreldland en hulle geldeenheid is die baht met sowat 3,6 baht gelykstaande aan een Suid-Afrikaanse rand. Gillhams is baie naby aan die kus van waar Chicken, Pipi en nog vyf ander eilande binne sig is. Puket is seelangs 60 km weg en Gillhams sal jou kom haal as jy daar wil hengel. Dagbesoekers is welkom en jy kan dus jou eilandkuier maklik met 'n dag of twee se hengel daar kombineer. Besoek hulle gerus by *www.gillhamsfishingresorts.com* of gesels met Stuart by *gillhamsfishingresorts@gmail.com*. Verskaf my naam "Kobus Hermitage" vir korting.



Brandon se rugbreker, 'n Mekong-reusebaber van 77 kg

www.karpbonanza.co.za

# Karp Bonanza 2012

**FOREVER RESORTS - LOSKOPDAM**

## 29 September

**28-29-30**

**GELUKKIGE TREKKINGS**
ter waarde van
**R350 000**

**R250**
per hengelaar

**R1,3 Miljoen se pryse!!!**

**30**
**Swaarste karpe wen pryse**

Trots geborg deur
PTA Noord Toyota

Gereël deur Stywe Lyne
Skippers Akademie

**Onbeperkte Boothengel**
**Beperkte Oewerhengel**

OEWERHENGEL moet telefonies bespreek word!

**EEN KARP**
**-**
**EEN PRYS**



**R100 000**
**kontant pryse**

Bespreek vroegtydig verblyf by Loskopdam
Marulani: Tel: 013 262 8110
Forever Resorts: Tel: 013 262 3075



**Hou *Stywe Lyne* se Augustus-uitgawe dop vir vertoonadvertensie!**



**NAVRAE:**
Kobus Hermitage: 082 268 7286
Ellen Botha: 082 785 5763
Hettie Oosterhuis: 083 745 9495 of hettie@oosterhuis.co.za
Willie Oosterhuis: 083 727 3913